# TITUS 2 vs 3~5

*3 Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is,*

*4 sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,*

*5 ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.*



Saamgestel deur Suster Natasha Olde

(VGK Baldivis, Wes Australië).

Vertaal deur Sr Lize Kampman

# ‘n Oorsig van Paulus se brief aan Titus

## Outeur

Paulus is as ‘n Romeinse burger gebore in Tarsus (Hand. 22:28) en is later onderrig deur die beroemde rabbi Gamaliël (Hand. 22:3). As yweraar vir die Wet was Paulus die vernaamste vervolger van die vroeë kerk, tot sy bekering toe Jesus Christus aan hom verskyn het op die pad na Damaskus (Hand. 9). Onmiddelik het Paulus begin om Jesus as Verlosser te bely, en later het hy verskeie sendingsreise na die heidene in Klein-Asië onderneem. Tydens sy reise het hy saam met Titus na Kreta gereis om en by 63-64 n.C. Na ‘n kort besoek het Paulus uit Kreta vertrek en Titus daar agtergelaat om leiding aan die Kretense kerke te gee (Tit. 1:5). Op ‘n latere stadium het Paulus hierdie brief geskryf wat deel uitmaak van die Pastorale Briewe, ‘n term wat gebruik word om Paulus se twee briewe aan Timótheüs en een brief aan Titus te beskryf. In teenstelling met sy ander briewe is hierdie drie nie gerig aan ‘n gemeente nie, maar aan jong manne wat as predikante gedien het in die kerke wat Paulus geplant het. Natuurlik is hierdie briewe nog steeds aan gemeentes voorgelees, aangesien die briewe duidelike tekens dra dat Paulus hulle bestem het om wyd gebruik te word.

## Ontvanger

Ongelukkig is daar min bekend oor Titus se familie of agtergrond, behalwe dat hy ‘n onbesnede Griek was (Gal. 2:3). Titus was waarskynlik een van Paulus se eerste bekeerlinge tot die Christelike geloof, en Paulus het soos ‘n geestelike vader vir die jong man geword (“Titus, my ware kind volgens die gemeenskaplike geloof”: in Titus 1:4). Titus word deurgaans in Paulus se skrywes as ‘n sleutelvennoot en verteenwoordiger in die bediening genoem (2 Kor. 8:23). Hy het Paulus en Barnabas na Jerusalem vergesel as bewys van God se uitbreiding van verlossing na die heidene (Gal. 2:1-2). Hy het ook meermale korrespondensie van Paulus na die Korinthiese kerk gebring en later aan Paulus verslag gedoen oor die bekering van die Korinthiese kerk, wat daartoe aanleiding gegee het dat Paulus die tweede brief aan die Korinthiërs geskryf het (2 Kor. 7:5-16). Paulus het Titus ook verantwoordelikheid vir sekere belangrike take gegee, onder andere die voltooiïng van die kollekte vir die armes in Jerusalem (2 Kor. 8:6). By Paulus se vertrek uit Kreta het hy Titus agtergelaat om orde op die eiland te vestig deur ouderlinge aan te stel en die gesonde leer en goeie werke te leer (Tit. 1:5). Later het Paulus Titus na Dalmasië gestuur, ‘n streek wat in die hedendaagse Joego-Slawië geleë is (2 Tim. 4:10). Volgens oorlewering het Titus later na Kreta teruggekeer. Die eiland Kreta is 160 km suid van die Griekse vasteland geleë. Daar is spekulasie dat Kreta Kaftor kon gewees het vanwaar die Filistyne oorspronklik gekom het (Amos 9:7). Die Romeine het die eiland in 68-66 vC ingeneem en ‘n Romeinse provinsie daarvan gemaak. In Titus 1:12 haal Paulus die Kretensiese digter Epimenides van Knossos aan, wat geskryf het “die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike.” So ‘n onvleiende beskrywing het klem gelê op die oordadige leefstyl wat deel was van die kultuur wat Titus voor so ‘n groot uitdaging gestel het.

## Doel

Paulus het hierdie brief aan Titus geskryf om aan Titus leiding te gee in sy leierskap van kerke in verskeie stede op die eiland Kreta. Paulus was veral besorg oor valse lering (1:10-16) en bandeloosheid, twee temas wat algemeen in vele van sy ander briewe voorkom. Paulus het Titus aangemoedig om leiers van goeie karakter en gesonde leer aan te stel in die kerke, om valse lering te konfronteer en goeie werke aan te moedig as die verwagte vrug van genade en redding. Paulus het klem gelê op die oorweldigende invloed wat gelowiges kan hê op diegene buite die kerk deur voorbeeldig te lewe in die kerk, gesin en samelewing.

(Geneem uit die Nelson Study Bible)

# Titus 2: 3-5

## Die Bybel in Afrikaans, 1933/53-vertaling

3 Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is,

4 sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,

5 ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.

## 1983-vertaling

3 Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee,

4 sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees,

5 verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie.

## Die Bybel vir almal

3 Jy moet ook vir die ouer vroue sê hulle moet lewe soos mense wat aan die Here behoort. Hulle moenie skinder oor ander mense nie en hulle moenie te veel wyn drink nie, hulle moet goeie dinge vir die mense leer.

4 Dan kan hulle vir die jonger vroue leer om lief te wees vir hulle mans en kinders.

5 Die jonger vroue moet weet hoe om reg te lewe en hulle moet heeltemal reg lewe. Hulle moet goed sorg vir hulle huisgesinne en hulle moet gehoorsaam wees aan hulle mans. Dan sal ander mense nie sleg kan praat oor die boodskap van God nie.

## Nuwe Lewende Vertaling

3 Net so moet jy ook die bejaarde vroue onderrig om só te leef soos dit iemand betaam wat aan die Here toegewy is. Hulle moet nie rondloop en skinder nie, ook nie aan wyn verslaaf wees nie. Hulle moet liewer goeie dinge vir ander leer.

4 Hierdie bejaarde vroue moet die jong vroue leer om hulle mans en kinders lief te hê

5 en om met selfbeheersing en rein te leef, om goeie tuisteskeppers te wees wat onderdanig is aan hulle eie mans. Dan sal die boodskap van God nie belaster word nie.

## Die Boodskap

3 Praat ook met die vroue in die kerk wat al ouer is. Sê vir hulle dat hulle lewe moet wys dat hulle die Here ken. Hulle mag niks leliks van ander mense sê nie. Hulle mag ook nie te veel drink nie.

4 Hulle moet ander gelowiges leer wat God van hulle verwag, veral vir die jonger vroue. Hulle moet vir hierdie vroue sê dat hulle baie lief vir hulle mans en kinders moet wees.

5 Verder moet hulle ook vir hulle leer om met wysheid op te tree en om hulle nie aan buitehuwelikse verhoudings skuldig te maak nie. Hulle moet ook vir die jonger vroue sê om goed na hulle gesinne se behoeftes om te sien en om in liefde op te kyk na hul mans. Dan sal God se Woord nie bespotlik gemaak word nie.

# Agtergrond

Wie het Titus geskryf?

Wanneer is die brief aan Titus geskryf?

In watter omstandighede het Titus homself bevind?

Wat is die hooftema van die brief aan Titus?

## Hoofstuk 1

Wat is die hoofpunte van hoofstuk 1?

## Hoofstuk 2:1&2

Waarvan lees ons in Titus 2:1&2?

# Titus 2:3-5

## Verklaar die volgende woorde (gebruik 'n woordeboek):

a. soos wat dit die heiliges betaam

b. leer

c. onderdanig

d. belaster

## Kruisverwysings

V. 3 & 1 Timótheüs 3:11

V. 5 & Genesis 3:16

V. 5 & 1 Timótheüs 6:1

# Titus 2:3-5, van nader bekyk

Maak ‘n lys van die opdragte aan ouer vroue in verse 3 en 4.

a.

b.

c.

d.

Waarom dink jy het Paulus die eerste drie ingesluit?

Maak ‘n lys van die opdragte wat Paulus aan jonger vroue gee in verse 4 en 5.

a.

b.

c.

d.

e.

f.

g.

h.

Waarom sou Paulus die taak om die jonger vroue te leer aan die ouer vroue opgedra het en nie aan Titus nie?

"Drie maal in hierdie verse oor die Christelike gedrag van verskillende groepe lê Paulus klem op sy besorgdheid oor die effek van die Christelike getuienis op die nie-Christelike wêreld. Hy verwys twee maal na die Christelike leer wat verlossingsleer is. Dus gee ons òf geen blyk van verlossing nie, in welke geval die evangelie geskaad word, òf ons gee goeie getuienis van verlossing deur so te lewe dat dit duidelik is dat ons gered is, waardeur die evangelie skyn. Ons lewens kan eer of skande oor die evangelie bring." John Stott – *Fighting the Good Fight*

Van watter drie verse in Titus 2 praat John Stott?

Hoe kan ons as vroue in ons daaglikse lewe 'n sieraad vir die evangelie wees?

Hoe kan ons ongelowiges na die evangelie en ons Verlosser aantrek deur die manier waarop ons lewe?

Hoe weerspieël jou lewenstyl dit wat jy glo?

Hoe kan ‘n ouer vrou jonger vroue “leer” om hulle mans en kinders lief te hê?

Watter rol speel liefdevolle huwelike in ‘n gesonde gesin en kerk?

As ons kyk na Spreuke 31: 16, 18 en 24 kan ons aanneem dat die nie verbode is om buite die huis te werk nie. Waarom sou Paulus dan die ouer vroue opdrag gee om vir die jonger vroue te sê om “huislik” te wees? Wat beteken dit vir ons vandag?

John MacArthur in *Grace to you*: “Vroue wil nie in die huis werk nie. Waarom? Omdat Satan die samelewing daarvan oortuig het. Hoekom? Omdat dit teen God, teen Christus en teen die Bybel is, en dit verwoes die getuiens van die kerk. Die woord “iemand wat in die huis werk” – een woord in die Grieks, *oikourgos* – van twee grondwoorde, “*ergon”*, wat werk beteken, en *oikos*, wat “huis” beteken. Dit is eenvoudig dat die sfeer van ‘n vrou se lewe haar huis is, dit is haar domein. Dit beteken nie dat sy 24 uur per dag daar moet wees en nooit iewers heen kan gaan nie. Dit is nie wat ek sê nie, want ons wil haar ook nie daar opgesluit hou met die televisie vir geselskap nie, maar wat dit beteken is dat dit die sfeer van haar lewe is. Dit is haar domein. Dit beteken nie dat sy net by die huis moet wees nie, maar dat die huis haar terrein is. Die vrou in Spreuke 31 het die huis verlaat toe sy ‘n stuk grond moes gaan koop. Sy het die huis verlaat om daardie stuk grond te bewerk. Sy het die huis verlaat en ver gereis om dinge te gaan soek wat haar gesin sou help. Die vrou het gedoen wat sy moes doen, maar die fokus van alles was die huis. En dit is waaraan sy haar lewe bestee het, en sy het vroeg opgestaan en laat gaan slaap ter wille van die huis. Sy is ‘n huisbewaarder. Dit is die terrein van haar verantwoordelikheid. Dit is haar werksplek. Dit is waaraan sy haar lewe moet bestee. As ‘n ma buite die huis werk en haar kinders na een of ander dagsorgplek toe stuur, ontduik sy haar godgegewe verantwoordelikheid. Dit beteken ook dat sy nie verstaan dat haar man die voorsiener moet wees, soos wat Efesiërs 5 baie duidelik maak nie. Selfs al wou jy buite die huis werk om te kan betaal dat jou kinders na ‘n Christelike skool toe gaan, maak jy ‘n groot fout. Dit is beter dat jy tuis bly en jou kinders self godvrugtig opvoed as wat jy dit op iemand anders afskuif.”

Hoe voel jy oor dit wat MacArthur hier sê?

Hoe slaag ons (as ‘n groep vroue, of as gesamentlik as ‘n gemeente) daarin oms die opdragte in Titus 2; 3-5 uit te voer?

Wat beskou jy as goeie voorbeelde van Titus 2: 3-5 in jou lewe (en dalk in die gemeente)?

Op watter wyse het jy die raad, aanmoediging of godvrugtige invloed van ‘n ouer vrou in jou lewe ervaar?

Hoe was dit vir jou moontlik om ‘n jonger vrou in jou lewe raad te gee, aan te moedig of op ‘n godvrugtige manier te beïnvloed?

Hoe dink jy kan jy Titus 2: 3-5 beter uitleef? Is daar enige struikelblokke in jou lewe wat jou verhoed om die godvrugtige jong of ouer vrou te wees?

# Hoe om gementor te word sonder ‘n mentor

*Deur Jodi Ware*

Onlangs het ‘n jong vrou my gevra wie my mentor was. Sy was verbaas oor my antwoord dat ek nooit ‘n mentor gehad het nie. Ek het natuurlik die idee gehad dat mentorskap ‘n formele weeklikse of tweeweeklikse samekoms met ‘n wyse ouer vrou is, waartydens ons saam die Bybel of ‘n boek bestudeer en leer hoe om soos ‘n Christelike vrou te lewe. Ek het nooit hierdie spesifieke tipe mentorskap ervaar nie.

Maar ek is wel gementor. En ‘n belangrike hulpmiddel daarby was om goeie boeke te lees. In my vroeë jare as ‘n eggenote en moeder het ek elke boek van Elisabeth Elliot verslind wat ek in die hande kon kry. Haar skryfwerk het my siel op baie maniere gevorm. Vandag nog kan ek baie wyse gedagtes uit haar pen onthou. Meer onlangs het ek deur Puriteinse en Gereformeerde boeke gewerk en baie sielskos gevind in die skryfwerk van John Owen, J. C. Ryle, John Murray en talle ander. Gedurende die laaste tien jaar het ek skrywers verbonde aan die Christian Counseling and Education Foundation (CCEF) ontdek (soos David Powlison, Paul Tripp, Ed Welch, Elyse Fitzpatrick ens.) wat my gehelp het en gewys het hoe om God se genoegsame Woord toe te pas op my lewensomstandighede. En natuurlik is die skryfwerk van hedensdaagse teoloë (bv. J. I. Packer, John Piper, Don Carson) ‘n konstante voedingsbron van waarheid oor God. Ek dank die Here voortdurend vir die rykdom aan beskikbare hulpbronne, en ek wil hierdie hulpbronne graag deel met diegene wat veel minder het.

Ek is ook gementor deur ander se voorbeeld. By ‘n skool waar my man vroeër onderrig gegee het, het die dekaan se vrou elke maand ‘n middagete gehou vir die vroue van fakulteitslede, waarby daar voorbidding vir die studente gedoen is. Ek het baie geleer deur te kyk hoedat sy seker maak dat daar nie te veel tyd aan gebedsversoeke spandeer is nie, sodat ons die beskikbare tyd werklik vir gebed kon gebruik. Wat ‘n nuttige voorbeeld! ‘n Ander ouer vrou van ‘n fakulteitslid, vir wie ek besondere respek gehad het, het my onwetend gementor deurdat sy vertel het van haar gasvryheid en hulp aan studente. Ek wil graag soos Jean wees as ek eendag groot is, het ek dikwels gedink.

Ek is so geseënd om voortdurend gementor te word deur die godvrugtige vroue saam met wie ek tyd deurbring. Ek leer baie oor hoe om my man lief te hê deur te sien hoe my vriendinne hulle mans liefhet in moeilike tye. Ek hou my ekstra-georganiseerde susters dop vir wenke hoe om ‘n beter tuisteskepper te wees. En ek is ten volle bewus daarvan dat “mentorskap” nie noodwendig met ouderdom verband hou nie. Ek leer dikwels baie uit die opmerkings van die jongste vrou in ons klein groepie (beskou al hierdie geleenthede as informele mentorskap).

## Om ‘n getroue ouer vrou te word

As vrou van ‘n professor by ‘n teologiese skool spandeer ek nogal baie tyd saam met jonger vroue – dikwels die vroue van studente wat raad soek oor hulle rol as vrou en moeder. Daar is baie meer jong vroue as wat daar ouer vroue is om hulle by te staan. Terwyl ek nie aan alle versoek vir hulp en raad kan voldoen nie, probeer ek tog op die volgende maniere om my taak as ouer vrou getrou te verrig:

1. As iemand vra om met my te gesels, probeer ek dat ons minstens een keer bymekaarkom. Ek vra haar uit oor haar omstandighede, probeer raaksien waarmee sy worstel, gee raad en beveel hulpbronne aan, en vra hoe ek vir haar kan bid. Ek hou ‘n lys by van vroue met wie ek gesels het, bid gereeld vir hulle en probeer om opvolggesprekke te hê as ek hulle sien.

2. Ek gee voorkeur aan jong vroue wat lidmate is van my gemeente. Ons is saam in ‘n verbondsverhouding, daarom het ek ‘n besondere verbintenis met hulle. Dit is ook meer natuurlik om

verhoudings te hê met mense wat jy gereeld sien, saam met wie jy aanbid en dien. Ek probeer om elke maand of twee met ‘n paar vroue bymekaar te kom. Daar is natuurlik meer dringende gevalle wanneer ek meer gereeld gesels met ‘n vrou wat in die nood is.

3. Ons teologiese skool bied klasse aan vir die vroue van studente, waarby ek ook betrokke is. Alhoewel dit nie een-tot-een mentorskap is nie, sien ek dit wel as ‘n manier om God se roeping soos deur Titus beskryf in my lewe te vervul (Titus 2:3-5).

4. Ek maak dankbaar gebruik van tegnologie om ander te beïnvloed en vir hulle tot ‘n seën te wees. Ek hoor of lees dikwels van iets wat ek kan deel met iemand wat ek meen daarby baat kan vind. Ek is dankbaar vir die geleenthede bande via e-pos in stand te hou met vroue wat weggegaan het – soms selfs land-uit – om beroepe tot bediening te aanvaar. Ek is bevrees dat ons die bemoediging onderskat wat ‘n Bybelvers, ‘n navraag oor ‘n gebedsversoek, ‘n “veilige” luisterende oor kan bied.

Hierdie riglyne help my om my eerste prioriteite (om ‘n vrou, moeder en ouma te wees) te beskerm terwyl ek probeer om uit te reik na verskillende vroue sodat hulle kan toeneem in kennis van, liefde vir en vertroue op die Here, en om hulle mans lief te hê en aan hulle onderdanig te wees, en om hulle kinders en huise te versorg.

## Buig jou kop en sluit jou oë

Jy smag dalk na ‘n formele menter, iemand saam met wie jy elke week oor jou lewe kan sit en gesels. Bid en vra God vir daardie geweldige geskenk. Hy gee dit dalk vir jou. Maar as Hy dit nie doen nie, of dalk nie dadelik doen nie, maak gebruik van hulpbronne wat reeds aan jou beskikbaar is om selfs oor ‘n afstand deur ander Christene gementor te word. Ek daag jong, besige ma’s dikwels uit om elke dag een hoofstuk van ‘n goeie boek te lees. Op dié manier kan jy deur ‘n hele paar boeke kom, en voed jy jou siel.

Soek geleenthede om in die geselskap van die vroue in jou gemeente te wees. As jy by ‘n Bybelstudievereniging of ‘n gebedsgroep vir vroue kan aansluit, maak dit ‘n prioriteit. As jy nie iets kan vind wat by jou program inpas nie, vra of hulle dalk ‘n ander tyd sal oorweeg. Soek ook geleenthede vir bediening saam met ander vroue: bied jou hulp aan in die musiekbediening, werk in die kombuis of oppasdiens, reël ‘n uitreikgeleentheid of ‘n aand vir vrouebediening – al hierdie moontlikhede en meer kan jou help om te leer van die ouer sowel as die jonger vroue in jou kerkgesin.

Die belangrikste is om ‘n lewende verhouding met die Here te handhaaf deur sy Woord, wat ons heilig (Joh. 17:17). As ons dit werklik glo, sal ons bewustelik daarna soek om ons gereeld onder die invloed van sy Woord te plaas, wat onderrig, bemoedig, oortuig  en ons al hoe meer soos Christus laat word. Wat ‘n seën om te weet dat God ons toerus vir alles waartoe Hy ons roep (Heb. 13: 20-21).

# ‘n Tuiste vir God

*Kort artikel geskryf deur Carolyn Mahaney, uit haar boek Feminine Appeal.*

*Ook beskikbaar op girltalkhome.com*

Tuisteskepping is ‘n roeping wat dikwels gepaardgaan met alledaagse en herhalende take, waarvan die meeste nie raakgesien word nie. Dit vereis ‘n kolossale hoeveelheid diens en opoffering. Soms kan ons tussen toilette skoonmaak en wasgoed was deur uit die oog verloor hoe belangrik ons roeping is. As ons om ons rondkyk, lyk dit asof almal besig is met werk wat saak maak. Almal behalwe ons. En ons visie van om tuis te werk begin stoom verloor.

Ons het ‘n Bybelse perspektief nodig. In God se ekonomiese bestel is tuisteskepping ‘n hoë en edele roeping. Deur “tuis te werk” kan ons die evangelie aantreklik maak vir ongelowiges (Titus 2:4). Ons huise kan in der waarheid ‘n vertoonvenster vir die evangelie wees.

Ons huise kan ook ‘n plek wees waar betekenisvolle bediening plaasvind. Dit is strategiese plekke waarvanaf ons kan uitreik en sorg verleen aan hulle wat Christus nog nie ken nie.

Dawson Trotman, stigter van die groep genaamd die Navigators, het eenmaal gesê: “Ek glo met my hele hart dat die huis een van die belangrikste plekke waar siele gered word.” En ek hou baie van wat iemand oor dr Francis Schaeffer se vrou Edith gesê het: “Daar is net soveel mense na die Here gebring deur mevrou Scaeffer se kaneelbolletjies as deur Dr Schaeffer se preke!”

As ons besef watter uitsonderlike vrug werk by die huis kan dra, sal dit ons inspireer om ‘n tuiste te skep wat Peter Marshall se beskrywing ewenaar van ‘n huis wat hy eenmaal besoek het: “Daar het ‘n atmosfeer geheers waarin dit onmoontlik was om nie deurentyd aan die Here te dink nie.”

Ten spyte van hulle grootte en styl of ons finansiële status kan ons huise warmte uitstraal en verkwikking verskaf aan almal wat by hulle deure ingaan. Hulle moet aangename hawens wees vir ons mans en kinders, heiligdomme waar ons sorg en gasvryheid aan ander Christene bied en poorte waardeur ons die evangelie uitbrei na familie, vriende en bure.

Terwyl ons verlang na ons hemelse woning, kom ons strewe daarna om ons aardse tuiste ‘n plek van vrede, orde, vreugde en vrolikheid te maak. En laat dit ons bede wees: “Here, help my om die soort huis in te rig waar elkeen wat daar binnekom dit onmoontlik vind om nie voortdurend aan die Here te dink nie.”

# Vir die jong ma: bediening, skuldgevoel, en seisoene van die lewe

*Deur Jani Ortlund*

Skuldgevoel is 'n jong ma se alomteenwoordige skaduwee. Dit het 'n nare manier om baie van haar pogings om te ander te koester, dien en lief te hê te versuur. "Doen ek genoeg vir my kinders? Vir ander? Wat dink hulle van my? Wat dink God van my?"

Almal stel eise aan 'n jong ma – jou gesin, jou kerk, jou baas, jou bure. En waarskynlik gee jy baie meer as wat jy ooit gedink het jy kan. Maar daarmee saam knaag skuldgevoel aan jou siel en vreet dit aan jou innerlike vrede en vreugde. Dit kan dikwels vir jare voortsleep, selfs wanneer jou kinders groot en uit die huis is.

Liewe jong ma's, moenie jou skuldgevoel verkwis nie!

## Moenie jou skuldgvoel verkwis nie

Moenie jou skuldgevoel verkwis nie, maar luister eerder daarna en beoordeel dit. Gaan haal dit uit die donkerte en ondersoek dit in die lig van die Skrif. Lê jou gevoelens voor Christus neer. Is hierdie skuldgevoel 'n wettige oortuiging van sonde? Bely dan jou sonde, ontvang sy vergewing en vra hom waar en hoe Hy wil hê jy moet vernader.

Maar miskien is jou skuldgevoel 'n knaende, self-gefokusde vrees dat as jy net 'n bietjie beter was of 'n bietjie harder gewerk het, dan sou jy genoeg raakgesien en bewonder word sodat jy beter oor jouself kan voel. Dit is valse skuldgevoel wat in hoogmoed gewortel is. Dit sal jou gesin benadeel en jou verhouding met jou genadige Vader laat skade ly. As dit 'n beskrywing van jou skuldgevoel is, moet jy jouself daaraan herinner dat God jou deur Christus se sterwe en opstanding aanvaar het. Die oplossing vir 'n valse skuldgevoel, net soos in die geval van 'n ware skuldgevoel, lê in die evangelie.

Paulus praat van hierdie twee soorte skuldgevoel in 2 Korinthiërs 7:10. Daar is 'n goddelike hartseer wat bekering tot gevolg het, en 'n wêreldse hartseer wat die dood tot gevolg het. Vra jouself af: is dat waaraan ek my tyd en krag bestee gedrewe deur lewegewende bekering of lewensafbrekende hoogmoed?

## 'n Jong ma se primêre sendingsveld

Een rede waarom 'n jong ma verkeerdelik skuldig kan voel, is omdat sy vergeet dat haar eerste en belangrikste sendingsveld haar kinders moet wees.

God heg waarde aan kinders. Hy heg groot waarde daaraan dat ons ons kinders leer om hom lief te hê en te dien (Deut 6:7-9). Jesus het verontwaardig geraak toe die dissipels die waarde van kinders in die uitbreiding van God se koninkryk geringgeskat het (Mark. 10:13-16). God leer ons ook dat kinders 'n seën is wat hy aan ons gee (Ps. 127:3).

Moederskap vra dat ons as vroue ons beste gee. As moeders vorm ons die siele van ons kinders en uiteindelik vorm dit die wêreld. Kinders is ons geskenk aan die toekoms. Neem dus die roeping van God aan om jou gesien te dien. Dit is nie goddelike skuldgevoel wat jou wil wegtrek van 'n heelhartige toewyding aan jou kinders ter wille van Hom nie. Moenie daaroor skuldig voel dat jy jou primêre bediening aan jou kinders toewy terwyl hulle jonk is nie. Jy leer die jonger geslag om innige emosionele bande met ander te smee. Jou sensititiwiteit, beskikbaarheid, toewyding, liefde en rustige aandag is onvervangbaar.

## Moederskap: doodgewoon harde werk

Aan die ander kant is Paulus se woorde aan my as ouer vrou om "die jong vroue (te) leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie" (Tit. 2:4-5).

Waarom moet die apostel vir ons ouer vroue sê om hierdie dinge aan die jonger vroue te leer? Omdat dit moeilik kan wees om jou man en kinders lief te hê. Eintlik kan dit makliker wees om buite die huis diensbaar te wees. Waarom is dit vir ons meer bevredigend om 'n vrouesaamtrek vir tweehonderd vroue te reël as om 'n binnenshuise piekniek met ons voorskoolse kinders op 'n reëndag te beplan? Ek dink dit is omdat die beloning meer onmiddelik is en die eise nie so konstant is nie.

Om 'n jong ma te wees, is doodgewone harde werk. Soms voel dit soos slawearbeid! Jong ma's kan identifiseer met die tekenprent van 'n kleuter wat saam met Pappa na hulle troualbum sit en kyk en sê: "So, dit was dan die dag toe Mamma by ons kom werk het!"

Maar God het jou tot hierdie bediening geroep. Hy weet dat daar geen neutrale oomblikke is in die lewe van 'n jong kind nie, wie se ervaring uit konstante behoefte en ontwikkeling bestaan. Jou kinders sal die stempel van jou moederskap dwarsdeur hulle lewens dra omdat soveel menslike gedrag uit nabootsing ontstaan.

Jy is die enigste ma wat jou kinders het. Jou bediening aan hulle is die diepste uitdrukking van jou liefde vir hulle. Kinders grootmaak moet van die begin af reg gedoen word. Dit is een van die min dinge in die lewe waarvan daar nie gesê kan word dat as jy nie die eerste keer slaag nie, jy weer moet probeer.

Jy het hierdie opdrag van God ontvang. As 'n ma is dit jou voorreg om hulle te leer om hulle pa te respekteer en vriendelik teenoor hulle broers en susters te wees, hoe om goeie voeding en heilsame vermaak te kies, om waarde te heg aan goeie maniere en ordelikheid, en watter sake hulle moeite, reputasies en selfs hulle bloed werd is.

Voel jy moedeloos as jy dag na dag oorweldig word deur die alledaagse takies waaruit moederskap bestaan? Dink dan aan die voorreg om leiding te gee aan die geestelike en intellektuele en sosiale ontwikkeling van jong verstandjies en hartjies. Dink hoe aangrypend dit is om vir hulle ewige waarhede uit God se Woord te leer. Dink hoe belangrik dit is om jou jong kinders te leer om gesag te aanvaar, en om hulle voor te berei vir toekomstige verhoudings deur hulle te leer van liefde en vertroue. Dink aan die vreugde om nog 'n godvresende, lewenskragtige, sterk, standvastige, liefdevolle jongmens in hierdie wêreld in nood in te stuur met die moed om goed te lewe vir Christus ontwil. Dit is 'n belegging wat die moeite werd is!

## Wat jong ma's nodig het: 'n hart vir die huis

Nog 'n uitdaging vir 'n jong ma is om 'n liefde vir die huis te kweek.

God het ons daartoe geroep om ons kinders vanuit ons huis as basis lief te hê (Tit. 2:4-5). Ons kan nie op God se plan verbeter nie! Dit beteken meer as om by die huis te bly. Dit beteken dat jy jou hart op jou huis rig. Vroue kan van hulle huis af weg wees op ander maniere as deur buitenshuis te werk of diensbaar te wees. Selfone, e-pos en kletskamers kan 'n ma ook van haar primêre bediening wegneem.

Bediening beteken om ten volle daar te wees. Dit beteken om daaroor bly te wees om die geleentheid te hê om jou kinders te leer driewiel ry, hulle beddens op te maak, goeie herinneringe te bou en hulle speelgoed met ander te deel. Jy dien jou gesin, en daardeur jou hemelse Vader, deur jou kind te help om daardie legkaart vir die sewentiende keer te bou, deur taai handjies te was, deur 'n tuintjie te plant, deur Bybelstories op te voer en saam te bid, en deur voor te berei vir Pappa se tuiskoms as die hoogtepunt van jou dag!

Wat is die alternatief? “'n Seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande” (Spr. 29:15).

Onthou dat jy die voorreg het om ‘n gevoel van God aan jong harte oor te dra! Moet jy skuldig voel daaroor? Soos wat jy jou kinders toelaat om intimiteit, nabyheid en beskikbaarheid te ervaar in hulle vroegste jare saam met jou, kan jy hulle help om daardie sielsbehoeftes in hulle Verlosser Christus te vind soos wat hulle volwasse word. En dan ervaar jy die vreugde om hulle uit te stuur met ‘n lig in die siel om hierdie verdonkerde wêreld tot seën te wees. Iemand gaan jou kinders beïnvloed, waardes kweek en standaarde inprent op hulle ontvanklike jong verstandjies. Laat dit jy wees!

## Hierdie seisoen is net ‘n seisoen

Beteken dit dat jy nooit in ander buite jou gesin sal belê nie? Nee. Maar terwyl jy ‘n jong ma is, gebruik jou primêre bediening van moederskap om jou te help keuses maak oor waar om Christus nou te dien. Moenie toelaat dat enigiets jou verlei om jou unieke rol as vrou en ma te versaak nie.

Hierdie seisoen van jou lewe is net dit – ‘n seisoen. En elke seisoen is ‘n goddelike roeping van ons Skepper en Koning. Om ‘n nuwe kerkfunksie te reël, is belangrik. Om jou seuntjie te leer om bedagsaam teenoor sy sussie te wees, is ook belangrik. Watter een kan jy gedurende hierdie seisoen die beste doen? Dien God goed deur eers jou kinders te dien. Baie gou kom daar ‘n tyd dat hulle groot en uit die huis is en dan is daardie unieke opvoedingsgeleenthede daarmee heen. En jy sal nog baie kans kry om Christus buite die huis te dien in die seisoene wat voorlê.

“Wees julle dan sterk, en laat julle hande nie slap hang nie, want daar is loon volgens julle werk” (2 Kronieke 15:7).

# Vrou tot vrou: om gehoor te gee aan die oproep in Titus 2

*Deur Jean Williams*

*Wees asseblief daarop bedag dat party van die praktiese voorbeelde in hierdie artikel moontlik nie van toepassing is in ons gemeente nie!*

Ek en my vriendin het ‘n ander vriendin se kerkdiens bygewoon, en na die diens het ons ongemaklik rondgestaan met ‘n koppie louwarm tee in die een hand en ‘n winkelkoekie in die ander, met die gevoel dat die woord “besoeker” op ons voorkoppe getattoëer is en ons gewag het dat iemand ‘n ongemaklike gesprek met ons kom aanknoop. Maar die vrou wat nadergestaan het, het ons vinnig op ons gemak gestel. Haar hare was wit, haar oë helder en lewendig toe sy vra: “Is dit julle eerste keer hier by ons?” Sy het opreg en warm geklink, asof sy regtig in die antwoord belanggestel het. Ons het ons in haar belangstelling gekoester. Terwyl ons gesels het, het dit duidelik geword dat ons te doen het met ‘n ouer vrou wat nie haar belangstelling in jonger vroue verloor het nie. Sy het ons vertel dat sy die jongmense se aanddiens sowel as die oggenddiens bygewoon het sodat sy kon tyd spandeer saam met jonger vroue en hulle in hulle gelowig bemoedig.

By nabetragting van die gesprek het ek en my vriendin besef dat ons albei dieselfde gedagte gehad het: “Sy is die soort vrou wat ek eendag wil word.”

## Die doel van vrouebediening

Hoe kan ons hierdie soort vrou word? Hoe kan ons ander vroue aanmoedig en leer om soos sy te word? Deur die kerk se vrouebediening? Deur geleenthede soos saamtrekke en handwerkdae te reël?

Vrouebedienings sukkel dikwels met ‘n gebrek aan duidelike rigting. Selfs in kerke sonder ‘n georganiseerde vrouebediening kan dit soms moeilik wees vir vroue om te weet hoe om ander vroue te bemoedig. Wat ons nodig het, is ‘n duidelike rigtingwyser – ‘n eenvoudige doel om voor oë te hou. Hier is ‘n goeie plek om te begin:

*Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie (Titus 2: 3-5).*

Hierdie verse gee vorm en doel aan vrouebediening, hetsy formeel of informeel. Dit gee ons ‘n duidelike doelstelling: ouer vroue moet die jong vroue leer en wys hoe om as Christelike vroue le lewe.[1]

Tensy ouer vroue verantwoordelikheid neem om jonger vroue te leer, sal dit waarskynlik nie gebeur nie. Paulus moedig Titus aan om elke groep in die kerk  te onderrig – ouer mans, jong mans, ouer vroue, slawe – almal behalwe jong vroue. Om jong vroue te leer om gelowige vroue te wees, is die primêre verantwoordelikheid van ouer vroue, nie van die predikant of die ouderlinge van die kerk nie. Dit is belangrik dat vroue en vrouebedienings hierdie doel nie uit die oog verloor nie.

Kyk ‘n bietjie rond in jou gemeente. Is ouer vroue besig om jonger vroue te leer en leiding te gee? Word vroue toegerus en aangemoedig om vroue te mentor? Is daar verhoudings wat floreer tussen vroue van verskillende ouderdomme? Ongelukkig is daar baie gemeentes waar dit nie gebeur nie.

## Wanneer vrouebediening nie plaasvind nie

Dit is ‘n algemene verhaal: ek praat gereeld met jong vroue wat daarna verlang dat ‘n ouer vrou hulle mentor, maar wat niemand kan vind met die tyd, lus of krag om dit te doen nie. In die seldsame gevalle waar ouer vroue wel jong vroue mentor, is Bybelse vrouwees dikwels nie op die agenda nie.

Waarom is ouer vroue nie besig om jong vroue te leer en leiding te gee om godvrugtige vroue te wees nie? Ek en my vriendinne het koppe bymekaar gesit en met ‘n paar idees vorendag gekom.

- Vroue in die Westerse samelewing leef dikwels afgesonderd weens die verval van die tradisionele samelewing, in teenstelling met baie plekke waar vroue steeds ‘n groot deel van die dag in mekaar se huise deurbring.

- Geslagte word met opset geskei in die samelewing en die kerk, in teenstelling met ‘n tyd (sê maar 60 jaar gelede) toe vroue van verskillende ouderdomme vryelik gemeng het.

- In baie kerke is daar ouderdom-spesifieke gemeentes en kleiner groepies.

- Baie jong vroue het nie respek vir ouer vroue en dit wat hulle het om te bied nie, terwyl baie ouer vroue in hulself gekeer is en geen belangstelling het in vroue buite die familiekring nie.

- Verskillende generasies se begrip van bediening verskil: jong vroue verwag dalk formele mentorskap en onderrig, terwyl ouer vroue kan voel dat hulle nie daarvoor toegerus is nie.

- Ons het ‘n kulturele geneigdheid om aanstoot te neem aan ongevraagde raad en om slegs kenners of naby vriende te raadpleeg.

- Dit kan moeilik wees om tyd en krag aan vrouebediening af te staan as jy heeldag buitenshuis gewerk het of besig was om na jou gesin en huishouding om te sien.

- Die meerderheid getroude vroue met kinders gaan terug werk toe so gou as wat hulle kinders skool toe gaan – soms om finansiële redes, maar dikwels ook weens druk van feminisme, oordrewe beroepsgerigtheid of materialisme. Dit laat min tyd vir vrouebediening.

- Ongetroude vroue het deesdae gewoonlik ‘n voltydse werk, wat dit vir hulle moeilik maak om gedurende die dag by vrouebedienings betrokke te wees en vir hulle minder tyd laat om jong vroue te ondersteun.

- Vroueprogramme fokus dikwels op gebeurtenisse in plaas van onderrig, opleiding en mentorskap. As daar onderrig plaasvind, word dit dikwels nie doelgerig van toepassing gemaak op vroue se lewens nie.

- Feminisme maak dat ons ongemaklik voel met leringe oor Bybelse vrouwees (veral die praktiese toepassing daarvan) en maak ons skaam om “vroulike” vaardighede soos die bestuur van ‘n huishouding oor te dra.

- Sommige kerke het ‘n hele geslag vroue aan liberalisme verloor.

- Daar is ‘n mate van teenstand in egalitariese kringe teen bediening wat slegs op vroue gerig is. My vriendin wat vroue wou oplei om mentors te wees, moes hoor dat vroue slegs gemengde groepe moes onderrig. Verder beskou vroue dit as minderwaardig om slegs vroue te onderrig in teenstelling met die geleentheid om almal te onderrig.

Wanneer ons vrouebediening by vroue aanbeveel, is daar ‘n paar struikelblokke wat ons sal moet oorkom:

## ‘n Titus 2-leerplan

Dit is alles goed en wel om te sê dat ouer vroue jong vroue moet leer en leiding gee, maar wat moet hulle vir hulle leer? Kom ons kyk na Titus 2:3-5 in die groter konteks van die hoofstuk en kyk wat is op die leerplan. Daar is vier hoofonderwerpe wat ouer vroue met jong vroue gaan bespreek. Die eerste twee word ook deur mans aan mans geleer, maar die volgende twee is slegs op vroue van toepassing.

1. DIE EVANGELIE VAN GENADE

Boeke en praatjies oor Bybelse vrouwees neig om klem te lê op die praktyk en die beginsel af te skeep. Onderrig aan vroue ontaard dikwels in 'n lys van moets en moenies – byvoorbeeld, soen jou man as hy by die deur inloop, spandeer tyd met jou kinders en hou jou kaste aan die kant. Dit is veral skadelik vir vroue omdat baie van ons 'n behoefte het om onsself te verander en ons onsself maar al te graag met ander vergelyk. Ons luister na 'n praatjie oor vrouwees en gaan daar weg met 20 dinge wat ons moet verander – nou dadelik!

Maar Paulus laat ons nie wegkom met reël-gebaseerde onderrig nie. Selfs wanneer hy oor die besonderhede van 'n godvrugtige lewe praat, maak hy dit duidelik dat ons gedrag uit die evangelie voortvloei. Dit is die "gesonde leer"wat vorm gee aan godsvrug (Titus 2:1). Dit is die "genade van God" wat "ons (leer) om die goddeloosheid … te verloën" (Tit. 2:11-12). Dit is ons begeerte om die leer te "versier" wat aanleiding gee tot goeie dade (Tit. 2:10; vgl. vs. 5, 8).

Slegs 'n vrou wat die evangelie ken, sal haar lewe leef in die liefdevolle vryheid wat uit genade voortvloei, eerder as om te probeer om aan haar Christelike kultuur se weergawe van volmaakte vrouwees te voldoen. Wanneer ons vroue onderrig, moet ons hulle (en onsself!) voortdurend daaraan herinner dat die meeste van die praktiese raad wat ons gee nie deur God ingestel is nie, dat God geduldig is met ons weerstand teen verandering, en dat ons vergewe en vernuwe is deur God se genade.

2. DIE BYBEL EN DIE GESONDE LEER

Daar word soms beweer dat vroue nie onderrig moet gee oor geloofsake nie, nie eens aan vroue nie. Dit is omdat die lys in Titus 2:4-5 op leefstyl fokus, nie op geloofsleer nie, en omdat mans verantwoordelik is vir die leer en teologiese leiding van 'n gemeente (1 Tim. 2:11-15; 1 Kor. 14:26-39).

Maar as ouer vroue jongr vroue moet leer "wat by die gesonde leer pas" (Tit. 2:1), moet ouer vroue groot waarhede oor God verstaan en leer om die Woord van God reg te hanteer (2 Tim. 2:15). Wanneer ek 'n jong vrou mentor, begin ek met dieselfde onderwerpe as waarmee my man begin wanneer hy 'n jong man mentor: verlossing, gerusstelling, die gesag van die Bybel, ensovoorts. Waar nodig sal ek onderwerpe aanspreek soos die Drie-Eenheid, die rol van die Gees en uitverkiesing. Die belangrikste ding wat ons doen, is om eenvoudig saam uit God se Woord te leer.

Die hart van godvrugtige vrouwees is volle vertroue op God – 'n innerlike krag wat voortspruit uit 'n diep kennis van die Bybel en van God se soewereine doeleindes. Slegs 'n vrou wat "op God hoop" en wat "geen enkele verskrikking vrees nie" sal die moed hê om onderdanig te wees, en sal "die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees" vertoon (1 Pet. 3:1-7). Vroue, net soos mans, het wortels nodig wat diep in God se woord en waarheid grawe.

3. BYBELSE VROUWEES

Vroue moet ook hoor van God se heerlike plan vir vrouwees. Manwees en vrouwees was nie 'n nagedagte in God se plan vir menswees nie. Vanaf die skepping het God ons man en vrou gemaak, gelyk voor God, met verskillende rolle en verantwoordelikhede. Die vrou is gemaak om vir die man tot "hulp" te wees, om God te dien in die lig van die skeppingsorde (Gen. 3:1-3, 1 Tim. 2:11-15).

Titus 2: 3-5 beskryf hoe dit lyk in die lewe van 'n jong, getroude vrou met kinders. Sy moet haar man en kinders liefhê, rein en selfbeheersd bly, haar huis bestuur en vriendelikheid beoefen, en onderdanig wees aan haar man. Hierdie is nie 'n volledige lys nie, en dit beteken ook nie dat 'n getroude vrou nie betaalde werk buite die huis mag doen nie, so lank as wat dit haar toewyding aan huis en gesin bevorder en nie ondermyn nie (vgl. Spreuke 31). Dit wys waar haar primêre taak lê.

Ons moet egter versigtig wees om Titus 2:3-5 te gebruik om vroue aan te moedig om ‘n afgod van hul huis en gesin te maak. Soos Nicole Starling sê,

> *Hierdie besondere opdragte aan vroue in Titus 2:3-5 is bedoel om te seil op ‘n oseaan van algemene opdragte wat in die Bybel aan ons almal as Christene gegee word: sonder ‘n besef van daardie groot oseaan van die Bybelse leer omtrent Jesus en die koninkryk van God kan die Titus 2-bootjie oplaas onskadelik en sonder om aanstoot te gee ronddobber in die agterplaas-swembad van voorstedelike materialisme, sonder om iets te bereik.*[2]

Baie van dit wat oor Titus 2: 3-5 geleer word, moedig huishoudelike afgodery subtiel aan. Enkellopendheid word ‘n wagkamer vir die huwelik, eerder as ‘n geleentheid om Christus met onverdeelde aandag te dien (1 Kor. 7:32-35), en die gesinstuiste word ‘n doel op sigself, eerder as ‘n plek vanwaar na ander uitgereik word.[3]

4. PRAKTIESE VAARDIGHEDE

Ek twyfel of Paulus formele onderrig of selfs formele mentorskap (’n moderne konsep!) in gedagte gehad het toe hy ouer vroue aangemoedig het om jonger vroue te leer – hoewel onderrig en mentorskap altwee ‘n nut het!Die items op Paulus se lysie is baie prakties: om ‘n man lief te hê, ‘n huishouding te bestuur, om ingetoë en kuis te wees (Titus 2: 4-50). Jong vroue het ouer vroue nodig om langs hulle te loop, hulle te help en te ondersteun, en vir die klein dingetjies van die daaglikse lewe woorde van wysheid en ‘n godvrugtige voorbeeld aan te bied.

Daar het jy dit: vier onderwerpe wat ouer vroue aan jong vroue moet leer. Jy hoef nie ‘n kenner van teologie te wees of predikantsopleiding te hê om hierdie dinge aan ‘n jonger vrou te leer nie, selfs al mentor jy haar formeel. Maak eenvoudig net die Bybel oop, leer saam daaruit en soek hulp as julle vashaak. Deel jou lewe en dit wat jy oor godvrugtige vrouwees geleer het. Bid saam.[5] As jy dogters het, leer eers aan hulle hierdie dinge, en dan aan ander vroue, en lei ander vroue op om dit aan ander te leer sodat die onderrig van jong vroue nie by ons eindig nie (2 Tim.2: 2). Onthou dat om van vroue dissipels te maak, gewoonlik nie in ‘n formele opset plaasvind nie; dit gebeur vanself soos wat ons in mekaar se lewens betrokke raak.

## Raak prakties: alledaagse idees vir vroue om vroue te bemoedig

Waar staan jy wat vrouedissipelskap betref? Sien jy jouself as ‘n jong vrou, ‘n ouer vrou, of ‘n fasiliteerder van dissipelskapverhoudings tussen jong en ouer vroue? Jy pas waarskynlik in al drie kategorieë! Aan watter groep jy ook al behoort, hier is ‘n paar praktiese voorstelle:[6]

1. AS DIE OUER VROU

Praat oor jouself. Vertel van jou lewe, deel jou gedagtes en probleme, “sodat jou vooruitgang vir almal (ook die jonger vroue) duidelik kan wees” (1 Tim. 4:15).

Vra baie vrae. Luister. Stel belang. Moenie te gou ongevraagde raad gee nie.

Vertel waaroor is jy besig om te lees of na te dink. Hulle sê dalk nie veel nie, maar hulle luister.

Hou ‘n paar gunsteling-boeke byderhand om uit te leen of weg te gee. Vra opvolgvrae. Lees ‘n boek oor vrouwees saam met ‘n jonger vrou.

Deel hoe jy die Bybel lees en bid. Praat oor hoe jy versoekings om te skinder of jou te bekommer hanteer.

Nooi vroue na jou huis toe. Laat hulle sien hoe jy jou huishouding bestuur. Leer ‘n jong vrou hoe om ‘n begroting op te stel en daarby te hou. Moenie probeer om jou huis perfek te laat lyk nie.

As jy getroud is, nooi 'n enkellopende vrou om gereeld tyd saam met jou gesin deur te bring, veral op moeilike geleenthede soos Oujaarsaand. Laat haar toe om te sien dat jy ook soms swaarkry sodat sy nie die huwelik en gesin verafgod nie.

As jy ongetroud is, wees 'n voorbeeld van godsvrug in langtermyn-enkellopendheid: wys dat jou vertroue stewig op die Here gevestig bly en dat jy Hom in jou omstandighede dien. Wees 'n voorbeeld van godsvrugtige verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

Help jonger vroue met praktiese dinge. Pas 'n enkelma se kinders op. Nooi 'n uitruilstudent vir ete. Besoek 'n neerslagtige vrou weekliks. Maak huis skoon of was wasgoed vir ander in moeilike tye.

Vra jong vroue se hulp om ander te help. Spandeer 'n dag saam om kos te maak vir mense in julle gemeente. Besoek 'n ouetehuis. Gee saam Sondagskool.

Moenie suinig wees met komplimente en aanmoediging nie: "Dit is wonderlik om te sien dat jy uitreik na vroue by die werk" of "Jou kinders is 'n vreugde. Jy gaan goed aan; hou so aan." Maar wees opreg, moenie net vlei nie.

Wees doelbewus wanneer jy kerk toe gaan. Sit langs 'n jong vrou en vra hoe gaan dit met haar geloofslewe. Bid vir die vroue by die kerk.

Maak vriende met die tienermeisies in jou gemeente. Woon die jeugdiens by.

Wees betrokke in vroue se lewens. Bel hulle. Onthou hulle besonderhede en vra hulle daaroor uit.

Skryf 'n benoedigende nota aan 'n jonger vrou, vertel haar dat jy sien dat sy in godsvrug toeneem.

Bel elke week 'n jong vrou en vra haar hoe kan jy vir haar bid.

2. AS DIE FASILITEERDER

Praat met respek oor die ouer vroue in jou gemeente. Stel hierin 'n voorbeeld vir ander.

Bou brûe tussen jonger vroue en ouer vroue in jou gemeente. Reël gemengde byeenkomste. Moedig ouer vroue aan om jong vroue te kontak. Sluit vroue van verskillende ouderdomme in by gebedsgroepe en Bybelstudiegroepe.

Reël sprekersaande vir vroue met betroubare sprekers. Organiseer 'n boekklub vir vroue. As jy 'n Bybelstudiegroep bestuur, reël van tyd tot tyd studies oor aktuele onderwerpe wat vir vroue van belang is.

Onthou dat baie enkellopende en kinderlose vroue geïsoleerd voel. Reël vrouebyeenkomste en Bybelstudies op tye wat werkende vroue pas. Reël kuiers vir vroue wat nie ooglopend aan 'n vriendekring behoort nie.

Lei vroue op in Titus 2-bediening en mentorskap. As jy nie oor die vaardighede beskik om hulle op te lei nie, kry iemand wat kan en vra hom of haar om 'n opleidingsdag by julle kerk te lei.

Mentor 'n jonger vrou en moedig haar aan om iemand anders te mentor.

3. AS DIE JONGER VROU

Onthou dat jy by ouer vroue kan leer, selfs al het hulle nie 'n teologiese agtergrond of formele bedieningsopleiding nie. Respekteer ouer vroue en dit wat hulle geleer het en kan bied. Luister.

Vorm 'n band met ouer vroue wat jy respekteer, en vra vrae. Wees op die uitkyk vir vroue wat standvastig in hulle geloof is, wat volhard het in lyding, wat 'n hart het vir evangelisasie, wat hulle

kinders goed grootgemaak het, wat hulle mans respekteer, of wat op God vertrou in langtermyn-enkellopendheid of kinderloosheid. Maak 'n lys van vrae om hulle te vra.

Vra 'n ouer vrou om jou te mentor, of 'n boek saam met jou te lees, of, as dit minder intimiderend is, om saam met jou te bid. Ouer vroue besef dalk nie wat het hulle om te bied nie, of wil hulself nie op die voorgrond plaas nie. Dalk is jy die een wat die leiding moet neem.

As jy weet van 'n ouer vrou wat 'n gawe het vir 'n besondere soort bediening – hospitaalbesoeke, evangelisasie, kosmaak vir groot groepe – vra haar of jy kan saamgaan om by haar te leer.

Die volgende keer wat jy sukkel om te bid, jou tyd goed te bestuur of lief te wees vir jou huismense, bel 'n ouer vrou en vra vir raad en gebed.

As daar nie ouer vroue beskikbaar is nie, probeer afstandmentorskap. Lees biografieë van Christenvroue wat standvastig gebly het. Lees boeke en luister na praatjies van Christelike vroue.

## Om 'n ouer vrou te word

Wanneer ek daaraan dink om ouer te word (iets waarvan ek al hoe meer bewus raak!), herinner hierdie woorde van John Piper my aan wie ek wil word:

> *Een van die uitdagings wat ek herhaaldelik aan die mense van ons gemeente stel – veral aan die vroue – is dat hulle dit een van hulle doelwitte moet maak om 'n wyse mens te word. Ek hou van die idee van ouer vroue vol van deurwinterde geestelike vrugte wat 'n mens slegs verkry deur 'n lang lewe en baie beproewinge en diepe nadenke oor die Woord van God. So baie jonger vroue smag na ouer vroue wat oor diepe wysheid beskik om die wysheid te deel wat God hulle oor die jare geleer het.*[7]

Toe ek 'n jong vrou was het ek gesmag na die aanmoediging van ouer vroue. Elke Christenvrou het 'n verantwoordelikheid om vroue wat jonger in jare of in die geloof is, te help om te groei in godvrugtige vrouwees. As jy 'n Christenvrou is en dit lê jou nie na aan die hart en rig jou prioriteite nie, moet jy jouself afvra hoekom nie. Ons het nie almal dieselfde gawes nie – ons sal op verskillende maniere gehoor gee aan God se oproep in Titus 2 – maar ons Here Jesus Christus het jonger vroue aan ons sorg toevertrou.

Dit is my hartsbegeerte om 'n nuwe geslag Titus 2-vroue in ons gemeentes te sien – ouer vroue wat hulle daarop toelê om jonger vroue te onderrig en op te lei. Sou dit nie wonderlik wees as ek en jy ons daartoe verbind om vroue op hierdie manier op te hef nie? Laat ons intussen die antwoord op ons eie gebede wees.

EINDNOTAS

1 Wie is die "ouer vrou"? Dit is duidelik vanuit 1 Timotheüs 5:1-16 dat Paulus waarskynlik vroue in gedagte gehad het wat verby die vrugbare ouderdom was. Die rede waarom die raad aan jonger vroue in Titus 2:3-5 so sterk op getroude vroue met kinders fokus, is omdat die oorgrote meerderheid jong vroue in die eerste eeu getroud sou gewees het, en Paulus het bedoel dat dit so moet wees (1 Tim. 5:11-15). Maar Titus 2:3-5 is op alle vroue van toepassing: ons is almal "ouer vroue" in verhouding tot vroue wat jonger is as ons in ouderdom en geloof, en ons het almal 'n verantwoordelikheid om hulle te onderrig en te bemoedig.

2 Nicole Starling, *Transformed by Titus 2*, 1 September 2008, http://equipbooks.blogspot.com/2008/09/chapter-1-transformed -by-titus-2.html.

3 Carolyn Mahaney se *Feminine Appeal* (Crossway, Wheaton, 2004), die beste boek wat ek oor Titus 2: 3-5 gelees het, is soms geneig om dit te doen.

4 “Agathos”, die Griekse woord vir “goed” in Titus 2: 5; word dikwels in Titus gebruik vir die goeie dade wat kenmerkend is van die Christene wat op God se genade antwoord (sien Titus 1:8, 16, 2:5, 3:1).

5 Vir ‘n uitstekende, duidelike en maklik leesbare boek oor dissipelskap, lees gerus Sophie de Witt se *One-to-one: A discipleship handbook* (Authentic Lifestyle, Carlisle, 2003).

6 Hierdie voorstelle is gebaseer op ‘n lys wat Jenny Moody opgestel het, in samewerking met Carmelina Read, Alison Payne en Karen Beilharz. Ek het ook gebruik gemaak van Susan Hunt se *Spiritual Mothering* (Crossway, Wheaton, 1992), ‘n uitstekende bron van praktiese idees vir vrouebediening aan vroue.

7 John Piper, *When I Don’t Desire God*, Crossway, Wheaton, 2004, pp. 109-110.